

Vrydag 18 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 22:1-29

Fokusgedeelte: Handeling 22:1

Wat is die grond van jou verdediging?

Paulus gebruik die vryheid wat die kommandant hom verleen om homself te verdedig, om Jesus Christus te verheerlik en te beklemtoon wat die doel van sy bediening is. Hy vergeet van die gevangenskap waarin hy is, verwys nie eers daarna nie, maar is gefokus op sy roeping in Christus.

In sy verdediging is daar 'n begrip en 'n fyn aanvoeling vir sy hoorders – daarom spreek hy hulle aan as “broers en vaders”. Dit gaan in sy verdediging nie oor hom as persoon nie, maar oor die boodskap van die evangelie. Hy vertel van sy bekering. Die impak wat dit in sy lewe gebring het. Hierdie Goddelike ingrype lei tot inkeer en omkeer en uitgestuurde.

Die Jode ken hierdie geskiedenis. Paulus verwys in sy verdediging niks na die amptelike klagtes (Hand. 21:28-29) wat die Jode teen hom ingebring het nie. Sy bekering en roeping as apostel om spesifiek onder die heidene te gaan bedien (vs 21), is feite wat die Jode goed ken. In hierdie vertelling verbloem of manipuleer Paulus niks van die feite om die Jode se guns te probeer wen nie. Hy maak geen aanspraak nie. Sy goddelike roeping spreek vanself – en die Jode ken die geskiedenis.

Die apostel is getrou aan sy roeping ten spyte van vyandigheid en gevangenskap. Ons word daaglik blootgestel aan vyandskap – vyandskap teen God, sy kerk en sy kinders. Wat gebruik ons in ons verdediging teen hierdie vyandskap? Ons roeping is om dissipels te maak van al die nasies. Die Heilige Gees is by ons om ons bekwaam en gewillig te maak vir hierdie roeping. Petrus roep ons in sy eerste brief op: “Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe” (3:15).

Sing: Skrifberyming 14-3:3

Dr. TC de Klerk (Theuns) (Emeritus)